# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# 2017

# JUNIE-EKSAMEN

## GRAAD 11

## VRAESTEL 1

**Punte: 80**

**Tyd: 2 uur**

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 19 bladsye.**

**AFDELING A – LEESBEGRIP**

**VRAAG 1 – INTERNETARTIKELS**

**TEKS A**

- Lees die onderstaande internetartikel en beantwoord die vrae.

**Prinses Charlotte sal opkyk na Diana**

**1** Brittanje se prinses Charlotte se ouma, prinses Diana, sal haar inspireer, sê die oorlede koninklike se gewese privaat sekretaris.

**2** Diana se seun, prins William en sy vrou, die hertogin van Cambridge, het hul tweede kind Saterdagoggend in die wêreld verwelkom. Sy is prinses Charlotte Elizabeth Diana genoem, met haar derde naam word eer aan prinses Diana betoon. Haar voormalige privaat sekretaris het nou gepraat oor hoe wys die besluit is.

**3** "Dit kan net goed vir die stand van die Britse koningsgesin wees om te vind die Diana-verhaal gaan voort en die Diana-naam word geëer, want sy word vandag nog wêreldwyd gerespekteer en bemin."

**4** "Ek is seker dit sal 'n inspirasie vir die jong prinses wees terwyl sy groot word en vrede maak met haar eie koninklike pligte, want haar oorlede ouma se voorbeeld sal baie moeilik wees om te oortref," het Patrick Jephson aan *People* gesê.

**5** Die prinses van Wallis se voormalige lyfwag, Ken Wharfe, het ook op die naam kommentaar gelewer. Hy meen dis simbolies van hoe graag William sy ma se nagedagtenis wil laat voortleef.

**6** "Dit is 'n mooi manier om te sê: julle kan my ma nie uit die koninklike geskiedenis vee nie," het hy gesê. "Ek is seker daar is dele van die familie wat wens dit moet stil wees, maar William het die leiding geneem om te sorg sy ma word steeds onthou. Dis 'n treffende daad."

**7** Patrick het bygevoeg Diana – wat ook die ma van William se broer, prins Harry, is maar in 1996 van haar seuns se pa, prins Charles, geskei is – wou altyd 'n dogter gehad het. Sy was bekend vir haar toewyding aan liefdadigheid voor haar dood in 'n motorongeluk in 1997 op die ouderdom van net 36 jaar. Wie sal ooit 31 Augustus 1997 vergeet, toe die wêreld wakker gemaak is met die nuus dat die beminde prinses Diana oorlede is in 'n grusame ongeluk toe haar lyfwag wou wegjaag van die nuuskierige kameras van die alomteenwoordige fotograwe.

**8** William en Catherine is ook die ouers van prins George, wat in Julie twee jaar oud word. Hulle het Charlotte se geboorte vroeër geregistreer en William se ouma, koningin Elizabeth II, het ook die baba in die Kensington-paleis ontmoet.

**Verwerk uit: Huisgenoot Digitaal van Mei 7, 2015**

1.1 Wie is prinses Charlotte se Ouma, volgens PARAGRAAF 1? 1

1.2 **Prinses Charlotte is prins William en sy vrou se eerste kind.**

1.2.1 Die bogenoemde stelling is ONWAAR. Haal EEN woord uit paragraaf 2 aan om jou antwoord te bewys. 1

1.3 Wat is prinses Charlotte se volle name? 1

1.4 **Mense reg oor die hele wêreld is nogsteeds lief vir oorlede Diana.**

1.4.1 Stem jy saam met die stelling? Ja of Nee?

1.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord deur aan te haal. 1

1.5 Hoeveel seuns het prinses Diana? Skryf die getal uit in WOORDE. 1

1.6 In watter jaar het prinses Diana en prins Charles geskei? 1

1.7 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat Ken Wharfe bedoel as hy sê:

"Ek is seker daar is lede van die familie wat wens dit moet stil wees." 1

1.8 Pas die persoon of instansie in KOLOM A by die rede in KOLOM B.

Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.8.1 | Oorlede prinses Diana. | A | Dit kan net goed vir hulle beeld wees. |
| 1.8.2 | Die koninklike gesin. | B | 'n Eerbetoon aan haar. |
| 1.8.3 | Prinses Charlotte | C | Hy wil graag Diana se nagedagtenis laat voortleef. |
| 1.8.4 | Prins William | D | Hulle respekteer prinses Diana. |
| 1.8.5 | Mense wêreldwyd | E | Dit sal 'n inspirasie vir haar wees. |

5

1.9 Waarvoor was prinses Diana bekend, volgens PARAGRAAF 7? Haal 'n sin aan om jou antwoord te bewys. 1

1.10 Wat wou prinses Diana nog altyd gehad het?

Haal twee OPEENVOLGENDE woorde aan om jou antwoord te bewys. 1

1.11 **Prinses Diana is in 'n vliegongeluk oorlede.**

1.11.1 Bogenoemde stelling is ONWAAR.Gee 'n rede vir jou antwoord.1

1.12 Van wie het hulle weggejaag? Haal twee OPEENVOLGENDE woorde aan as antwoord. 1

1.13 Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter neer.

**As koningin Elizabeth II prins William se ouma is, dan is sy prins George se…….**

A) Ma
B) Ouma
C) Groottante
D) Oumagrootjie

1

1.14 Dink jy dis regverdig van Patrick Jephson om te sê dat dit moeilik sal wees vir prinses Charlotte om met haar pligte,dit wat haar ouma Diana gedoen het,te oortref? Verduidelik in jou eie woorde.1

1.15 Hoe oud is prins George? Haal 8 OPEENVOLGENDE woorde uit die leesstuk aan om jou antwoord te bewys. 1

1.16 Hoe oud was prinses Diana toe sy oorlede is? 1

[20]

**Wat het die apie en die prinses van Cambridge gemeen?**

**1** ‘n Japannese dieretuin het kwaai onder skoot gekom nadat hulle een van hulle apies Charlotte gedoop het ter ere van die prinses van Cambridge.

**2** Die Japannese makaap is ‘n dag na die prinses gebore en die dieretuin het die publiek uitgenooi om vir die naam te stem. Die naam Charlotte was verreweg die gewildste keuse.

**3** Die dieretuin is kort nadat hul die naam bekend gemaak het, oorval met oproepe en e-posse van mense wat aandring daarop dat dit verander word. Die ontstoke klaers het die dieretuinbeamptes

**4** gevra hoe hulle sou gevoel het as ‘n Britse apie na een van die Japannese koninklikes vernoem moes word. Die dieretuin kies nou ‘n nuwe naam vir die apie.

**Verwerk uit: Huisgenoot Digitaal van Mei 7, 2015**

1.17 Hoekom het die Japannese dieretuin, wat in die leestuk genoem word, baie kritiek gekry? 1

1.18 Watter tipe dier is dit wat dieselfde naam as prinses Charlotte gekry het? 1

1.19 **Die dieretuin het self besluit om die apie na prinses Charlotte te vernoem.**

1.19.1 Die bogenoemde stelling is ONWAAR. Gee ‘n rede vir jou antwoord. 1

1.20 Noem twee maniere waarop die dieretuin gekontak is om daarop aan te dring dat die naam van die apie verander moet word. 1

1.21 Hoe dink jy sou die Japannese opgetree het as ‘n Britse apie na ‘n Japannese koninklike vernoem is? 1

1.22 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die leesstuk is ‘n goeie voorbeeld van 1.22.1 (vooroordeel / manipulerende) taal want die Britte dink 1.22.2 (‘n apie is nie goed genoeg om ‘n Britse prinses se naam te hê nie / ‘n Britse prinses is nie goed genoeg om ‘n apie se naam te hê nie). 2

1.23 Wat het die dieretuin besluit om te doen na al die klagtes wat hulle gekry het? Haal EEN sin aan as antwoord. 2

1.24 Wanneer het hierdie artikel in “Huisgenoot” verskyn? 1

[10]

**AFDELING A TOTAAL:30**

## AFDELING B – OPSOMMING

## VRAAG 2

**INSTRUKSIES**

- **Hier is sewe ongewone feite oor die koninklike familie.**
- **Som die SEWE ongewone feite oor die koninklike familie op.**
- **Skryf jou sinne puntgewys neer.**
- **Jou opsomming mag nie meer as 70 woorde wees nie.**
- **Skryf die getal woorde aan die einde van die opsomming.**

## TEKS C: SEWE ONGEWONE FEITE OOR DIE KONINKLIKE FAMILIE

Vroeër jare was dit verpligtend van die minister van binnelandse sake om die geboorte van ‘n koninklike baba by te woon om te verseker dat geen onwettige pasgeborenes ingesmokkel word nie.

‘n Kennisgewing om aan te kondig dat ‘n nuwe erfgenaam van die troon gebore is, word op ‘n esel in die voorportaal van Buckingham-paleis gesit. Hierdie gebruik word steeds gevolg – selfs in die era van die massamedia.

Die name van die koninklike babas word gewoonlik nie dadelik bekend gemaak nie en die publiek moet dikwels ‘n paar dae wag voor die naam bekend gemaak word. Toe Prinses Beatrice in 1988 gebore is, was dit twee weke voor haar naam bekend gemaak was.

Koninklike babas kry dikwels drie of vier voorname wat, volgens tradisie, familie vereer. Die Hertog van Cambridge is Prins William Arthur Philip Louis gedoop.

Koninklike geboortes word op die normale manier geregistreer, hoewel daar van die minister van binnelandse sake vereis word om sekere amptenare soos die burgemeester van Londen in kennis te stel.

Tradisioneel is die doop van ‘n koninklike baba ‘n private aangeleentheid. Dit word agter geslote deure gehou wanneer die baba net ‘n paar maande oud is en net familie, peetouers en goeie vriende woon dit by. ‘n Gesinsfoto met die baba in sy of haar doopkleed word aan die media vrygestel.

Koninklike babas het gewoonlik vyf of ses peetouers, hoewel die Prins van Wallis agt het.

**AFDELING B TOTAAL: 10**

**AFDELING C – TAAL**

**VRAAG 3 – INTERNETARTIKEL**

**TEKS D**

- **Die taalvrae wat volg, is op die leesstuk gebaseer.**
- **Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.**
- **Opsetlike taalfoute kom voor.**

<u>Ook 'n prinses van Cambridge</u>

**1** Sy is dalk die 3.1 **(een)** prinses wat die afgelope 25 jaar in die Britse koningsgesin gebore is, maar die pasgebore prinses Charlotte Elizabeth Diana is nie die eerste prinses van Cambridge nie.

**2** 3.2 **<u>(Prinses)</u>** Mary Adelaide Wilhelmina Elizabeth, wat amper 3.3 **(200)** jaar gelede in 1833 gebore is, en haar suster, prinses Augusta, wat in 1822 gebore is, was die eerste prinses wat die titel gehad het.

**3** Die 3.4 **(jong)** prinses van Cambridge het met haar neef Frederik Willem van Mecklenburg-Strelitz getrou en een 3.5 **(seun)** by hom gehad.

**4** 3.6 **(Mary Adelaide is baie soos haar jonger suster**.) Mary was een van die eerste koninklikes wat haar steun aan 'n verskeidenheid liefdadigheidsorganisasies toegesê het. Daarvoor het sy, soos Diana, as die "volksprinses" bekend geword.

**5** 3.7 **(Sy het ook 'n minder vleiende bynaam.)** Toe sy op 30 steeds ongetroud is, het koningin Victoria ingegryp en 'n huwelik tussen Mary en die Duitse 3.**8 ('n man wat nooit trou nie)** prins Frans van Tech gereël. 3.9 **(Mary het <u>vier</u> kinders by hom gehad.)**

**6** Sy was nogsteeds 3.10 **(baie alleen)** en het 'n eensame lewe gehad. Die Tecks het graag bo hulle vermoëns geleef en is later verplig om vir twee jaar na Italië te vlug 3.11 **_____**aan hul skuldeisers 3.11 **___** ontsnap. Mary se dogter was 'n 3.12 **<u>ginsteling</u>** van koningin Victoria. Sy is later met George V getroud, wat van 1910 tot en met sy dood in 1936 regeer het. 3.13 **(Hulle het al regoor die wêreld gereis.)**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Skryf die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. | 1 |
| 3.2 | Skryf die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies. | 1 |
| 3.3 | Skryf die nommer tussen hakies, oor in WOORDE. | 1 |
| 3.4 | Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies. | 1 |
| 3.5 | Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies. | 1 |
| 3.6 | Skryf die sin in hakies, oor in die TOEKOMENDE TYD. | 1 |
| 3.7 | Skryf die sin in hakies, oor in die VERLEDE TYD. | 1 |
| 3.8 | Gee EEN WOORD vir die sin in hakies. | 1 |
| 3.9 | Skryf die sin in hakies oor deur 'n VRAAG te stel. Die onderstreepte deel moet die antwoord vorm. | 1 |
| 3.10 | Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies. | 1 |
| 3.11 | Vul die INFINTIEF in. | 2 |
| 3.12 | Verbeter die SPELFOUT in hakies. | 1 |
| 3.13 | Herskryf die sin in hakies, oor in ONTKENNENDE VORM. | 1 |

[14]

## VRAAG 4: INTERNETARTIKEL

## TEKS E

- **Die TAALVRAE wat volg, is op die leesstuk gebaseer.**
- **Opsetlike TAALFOUTE kom voor.**

Kate en William "sal nie vir George uitsluit"

1 Brittanje se hertog en hertogin van Cambridge beplan glo om seker te maak prins George word "nie geraak" deur die koms van die nuwe baba nie.

2 (4.1**) (Catherine / verlede naweek/ aan die paartjie se tweede kind/het/ die lewe geskenk),** 'n dogtertjie genaamd Charlotte Elizabeth Diana.Hulle het die St. Mary-hospitaal in Londen, Engeland 12 uur nadat hulle daar ingestap het met hul 4.2 **(bondel)** vreugde, verlaat. (4.3)**Klein George het na die geboorte saamgegaan hospitaal toe.**

3 Noudat hulle terug by hulle gesinshuis, Anmer Hall in Norfolk, is Catherine en William vasbeslote om hul oudste op sy gemak te laat voel.

4 (4.4) **" Ek was bekommerd oor al die bohaai rondom die tweede baba.** Ek weet hoeveel aandag die nuwe koninklike baba in die weke na die geboorte gaan kry, en ek wil seker maak George is so onaangeraak deur alles as moontlik," vertel Kate aan die Britse tydskrif, Closer.

5 (4.5) "**een van die reels is om seker te maak dat een van ons met george tyd deurbring** terwyl die ander een klein Charlotte versorg, en met 'n nuwe speelgoedtreinstel van sy pa, gaan die kleinding homself lekker kan vermaak.

6 (4.6) **Hulle het glo die raad met familie gedeel**, wat William se broer, prins Harry, en Catherine se suster, Pippa Middleton, insluit.

4.1 Herskryf die sin met die **KORREKTE WOORDORDE**.

Catherine, verlede naweek, aan die paartjie se tweede kind, het, die lewe geskenk. 1

4.2 Gee die **VERKLEINWOORD** vir die woord tussen hakies. 1

4.3 Herskryf die volgende sin in die **NEGATIEWE / ONTKENNENDE VORM.**

Klein George het na die geboorte saamgegaan hospitaal toe. 2

4.4 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE**.

Kate sê: “ Ek was bekommerd oor al die bohaai rondom die tweede baba.” 2

4.5 Herskryf die volgende sin met die **KORREKTE LEESTEKENS**. 2

een van die reels is om seker te maak dat een van ons met george tyd deurbring

4.6 Herskryf die volgende sin in **LYDENDE VORM**.

Hulle het die raad met familielede gedeel. 2

**[10]**

**VRAAG 5: STROKIESPRENT**

- **Die TAALVRAE wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.**
- **Opsetlike TAALFOUTE kom voor.**

5.1 Verbeter die **WOORDORDE** in die volgende sin. Skryf die sin volledig uit. 1

**Jako en ek het 95% vir die Wiskundetoets gekry.**

5.2 Verwys na **RAAMPIE 1**.

5.2.1 Hoe weet jy dat Neelsie die woorde “95%” hard sê? 1

5.2.2 Watter **LEESTEKEN** wys dat Neelsie sy woorde beklemtoon? 1

5.3 Watter **VOORNAAMWOORD** dui aan dat Neelsie en Jako albei die Wiskunde-toets geskryf het. 1

**[4]**

**VRAAG 6: ARTIKEL**

- **Die TAALVRAE wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.**
- **Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.**
- **Opsetlike TAALFOUTE kom voor.**

**Goeie maniere**

(6.1) **" Goeie maniere is belangrik, sê Ouma.** (6.2) **Is jou ouma altyd reg?**

Het jy al ooit soos 'n (6.3) **wurm** gevoel? Jy daag met leë hande by 'n (6.4) **(werk+partytjie)** op. Al die ander kry die boodskap dat hulle iets moet saambring. Domkop! Daar was 'n boodskap. Die ander gaste het goeie maniere gehad. Met Anna Musson, kenner van goeie maniere, se wenke kan jy jou maniere verbeter.

By 'n formele ete
Vra altyd wat jy kan saambring. Dit is goeie maniere vir die gasvrou om te sê: "Niks nie." Anna sê: " 'n Goeie gas moet iets saamneem. (6.5) **'n Gasvrou verwelkom altyd sjokolade.**

RSVP
RSVP beteken "antwoord asseblief". Dis nie goeie maniere om mense aan 'n lyntjie te hou nie.

Wegbly
Wegbly is die maklikste manier om seker te maak dat mense jou nie weer sal nooi nie. (6.6) **Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan om verskoning vra. (sodat).**

**Verwerk uit: Huisgenoot, 17 Oktober 2013**

6.1 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE**.

“ **Goeie maniere is belangrik,” sê Ouma.**

Begin met: Ouma sê dat…… 1

6.2 Verander die **VRAAGSIN** na ‘n **STELSIN**.

**Is ouma altyd reg?** 1

6.3 Gee die **VERKLEININGSVORM** vir die woord tussen hakies.

Het jy al ooit soos ‘n **(wurm)** gevoel? 1

6.4 Vorm ‘n **SAMESTELLING** van die woord tussen hakies.

Jy daag met leë hande by ‘n **(werk+partytjie)** op. 1

6.5 Skryf die volgende sin oor in die **LYDENDE VORM.**

**‘n Gasvrou verwelkom altyd sjokolade.** 1

6.6 Verbind die volgende twee sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan om verskoning vra. **(sodat)** 1

**[6]**

**VRAAG 7: ARTIKEL**

- **Die TAALVRAE wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.**
- **Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.**
- **Opsetlike TAALFOUTE kom voor.**

**<u>‘n Gesonde lewenstyl is broodnodig</u>**

Dit is elke dag se storie. Soggens is daar altyd genoeg tyd. Basiese dinge soos ontbyt word dus maklik vergeet. Jy sal reg wees vir die dag as jy net vyf minute gebruik om iets te eet wat voedsaam is.

As jy jou eerste maaltyd versigtig kies en dit rustig geniet, sal jy die dag goed begin. Moenie jou bekommer as jy nie 7.1 **(aan dit)** gewoond is om baie te eet nie. Jy kan met die regte kos en drankies genoeg 7.2 **(voedingstof)** inneem vir die moeilike dag wat voorlê.

Inwoners van Suid-Afrika kry maklik verkoue. Daar is ‘n oplossing. **(** Jy kan verkoues weghou 7.3 **___** aanvullers of homeopatiese middels.**)** ‘n Mens kan gewone stoom gebruik. Jy kan dadelik beter voel.

Dalk voel jy sleg 7.4 **(as gevolg van)** ‘n omgekrapte maag nadat jy die vorige aand te veel ryk kos geëet het. 7.5 **Jy moet kruie vir die naarheid gebruik.**

En as ‘n hele dag se werk wag is daar ook hulp. Begin elke dag reg. Besluit wat belangrik is en doen dit. **Moenie met gevoude** 7.6 **_____sit nie!**

**Verwerk uit: Gesond Binne vyf minute, 1999**

7.1 Gee die korrekte **BETREKLIKE VOORNAAMWOORD** van die woord tusssen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer. 1

Moenie jou bekommer as jy nie **(aan dit)** gewoond is om baie te eet nie.

7.2 Gee die **MEERVOUD** vir die woord tussen hakies. 1

Jy kan met die regte kos en drankies genoeg **(voedingstof)** inneem vir die moeilike dag wat voorlê.

7.3 Vul die korrekte **VOORSETSEL** in. Skryf slegs die vraagnommer en antwoord neer. 1

Jy kan verkoues weghou **_____**aanvullers of homeopatiese middels.

7.4 Gee die **AFKORTING** vir die woorde tussen hakies. 1

Dalk voel jy sleg **(as gevolg van)** 'n omgekrapte maag nadat jy die vorige aand te veel ryk kos geëet het.

7.5 Skryf die sin oor in die **INFINITIEF**. 1

Jy moet kruie vir naarheid gebruik.

**Begin so: Jy behoort……**

7.6 Kies die korrekte WOORD om die IDOOM in die konteks van die teks te voltooi. Skryf net die vraagnommer en letter neer. 1

Moenie net met gevoude **_______** sit nie!

A – bene

B – arms

C – hande

**[6]**

**TOTAAL: AFDELING C [40 PUNTE]**

**GROOTTOTAAL: 80 PUNTE**

**1.1 Wie is prinses Charlotte se Ouma volgens PARAGRAAF 1? 1**

**1.2** ***Prinses Charlotte is prins William en sy vrou se eerste kind*.**

**1.2.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR?**

**1.2.2 Haal EEN woord uit PARAGRAAF 2 om jou antwoord te bewys. 1**

**1.3 Wat is prinses Charlotte se volle name? 1**

**1.4** ***Mense reg oor die hele wêreld is nog steeds lief vir oorlede prinses Diana*.**

**1.4.1 Stem jy saam met hierdie stelling JA of NEE.**

**1.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord deur aan te haal. 1**

**1.5 Hoeveel seuns het prinses Diana? Skryf die getal uit in WOORDE. 1**

**1.6 In watter jaar het prinses Diana en prins Charles geskei? 1**

**1.7 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat Ken Wharfe bedoel as hy sê: "Ek is seker daar is lede van die familie wat wens dit moet stil wees." 1**

**1.8 Pas die persoon of instansie in KOLOM A by die rede of gevolge in KOLOM B oor die naam wat prinses Charlotte gekry het. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.**

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.8.1 | Oorlede prinses Diana. | A | Dit kan net goed vir hulle beeld wees. |
| 1.8.2 | Die koninklike gesin. | B | 'n Eerbetoon aan haar. |
| 1.8.3 | Prinses Charlotte | C | Hy wil graag Diana se nagedagtenis laat voortleef. |
| 1.8.4 | Prins William | D | Hulle respekteer haar. |
| | | E | Dit sal 'n inspirasie vir haar wees. |

**4**

**1.9 Waarvoor was prinses Diana bekend volgens PARAGRAAF 7? Haal 'n sin aan om jou antwoord te bewys. 2**

**1.10 Wat wou prinses Diana nog altyd gehad het? Haal twee OPEENVOLGENDE**

**woorde aan om jou antwoord the bewys.** **1**

**1.11** ***Prinses Diana is in 'n vlieg ongeluk oorlede.***

**1.11.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?**

**1.11.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.** **1**

**1.12 Kies die KORREKTE ANTWOORD en skryf net die vraagnommer en die letter neer.**

**As koningin Elizabeth II prins William se ouma is dan is sy prins George se…**

**A ) ma**

**B) ouma**

**C) groottante**

**D) oumagrootjie** **1**

**1.13 Dink jy dit is regverdig van Patrick Jephson om te sê dat dit moeilik sal wees vir prinses Charlotte om met haar pligte, dit wat haar ouma Diana gedoen het te oortref ? Bespreek in jou EIE WOORDE.** **2**

**1.14 Hoe oud was prinses Diana toe sy oorlede is?** **1**

**1.15 Hoe oud is prins George? Haal 8 OPEENVOLGENDE WOORDE uit die die leesstuk aan om jou antwoord te bewys.** **1**

**1.16 Hoekom het die Japenese dieretuin, wat in die leesstuk genoem word, baie kritiek gekry? 1**

**1.17 Wat se tipe dier is dit wat dieselfde naam na Prinses Charlotte gekry het? 1**

**1.18 *Die dieretuin het self besluit om die apie na Prinses Charlotte te vernoem.***

**1.18.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR?**

**1.18.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. 1**

**1.19 Noem twee maniere waarop die dieretuin gekontak was om daarop aan te dring dat die naam van die apie verander moet word. 2**

**1.20 Hoe dink jy sou die Japenese opgetree het as 'n Britse apie na 'n Japenese koninklike vernoem is? 1**

**1.21 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.**

**Die leesstuk is 'n goeie voorbeeld van 1.21.1 (vooroordeel /manipulerende) taal want die Britte dink 1.21.2 ('n apie is nie goed genoeg om 'n Britse prinses se naam te hê nie / 'n Britse prinses is nie goed genoeg om 'n apie se naam te hê nie). 2**

**1.22 Wat het die diretuin besluit om te doen na al die klagtes wat hulle gekry**

**het?** **2**

**AFDELING A TOTAAL: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Ook 'n prinses van Cambridge**

**7 Sy is dalk die 3.1 (een) prinses wat die afgelope 25 jaar in die Britse koningsgesin gebore is, maar die pasgebore prinses Charlotte Elizabeth Diana is nie die eerste prinses van Cambridge nie.**

**8 3.2 <u>(Prinses)</u> Mary Adelaide Wilhelmina Elizabeth, wat amper 3.3 (200) jaar gelede in 1833 gebore is, en haar suster, prinses Augusta, wat in 1822 gebore is, was die eerste prinses wat die titel gehad het.**

**9 Die 3.4 (jong) prinses van Cambridge het met haar neef Frederik Willem van Mecklenburg-Strelitz getrou en een 3.5 (seun) by hom gehad.**

**10 3.6 (Mary Adelaide is baie soos haar jonger suster.) Mary was een van die eerste koninklikes wat haar steun aan 'n verskeidenheid liefdadigheidsorganisasies toegesê het. Daarvoor het sy, soos Diana, as die "volksprinses" bekend geword.**

**11 3.7 (Sy het ook 'n minder vleiende bynaam.) Toe sy op 30 steeds ongetroud is, het koningin Victoria ingegryp en 'n huwelik tussen Mary en die Duitse 3.8 ('n man wat nooit trou nie) prins Frans van Tech gereël. 3.9 (Mary het <u>vier</u> kinders by hom gehad.)**

**12 Sy was nogsteeds 3.10 (baie alleen) en het 'n eensame lewe gehad. Die Tecks het graag bo hulle vermoëns geleef en is later verplig om twee jaar na Italië te vlug 3.11 _____aan hul skuldeisers 3.11 ___ ontsnap. Mary se dogter was 'n 3.12 <u>ginsteling</u> van koningin Victoria. Sy is later met George V getroud, wat van 1910 tot en met sy dood in 1936 regeer het. 3.13 (Hulle het al regoor die wêreld gereis.)**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | **Skryf die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.** | **1** |
| **3.2** | **Skryf die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.** | **1** |
| **3.3** | **Skryf die nommer tussen hakies, oor in WOORDE.** | **1** |
| **3.4** | **Gee die INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.** | **1** |

**3.5 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies. 1**

**3.6 Skryf die sin in hakies, oor in die TOEKOMENDE TYD. 1**

**3.7 Skryf die sin in hakies, oor in die VERLEDE TYD. 1**

**3.8 Gee EEN WOORD vir die sin in hakies. 1**

**3.9 Skryf die sin in hakies, deur 'n VRAAGSIN te stel. 1**

**3.10 Gee die INTENSIEWE VORM vir die woorde tussen hakies. 1**

**3.11 Vul die INFINTIEF in. * 2**

**3.12 Verbeter die SPELFOUT in hakies. 1**

**3.13 Herskryf die sin in hakies, oor in ONTKENNENDE VORM. 1**

**4.1 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.**

**Kate sê: " Ek was bekommerd oor al die bohaai rondom die tweede baba." 2**

**4.2 Herskryf die volgende sin in LYDENDE VORM.**

**Hulle het die raad met familielede gedeel. 2**

**4.3 Herskryf die volgende sin in die NEGATIEWE / ONTKENNENDE VORM.**

**Klein George het na die geboorte saamgegaan hospitaal toe. 2**

**4.4 Herskryf die sin met die KORREKTE WOORDORDE.**

**Catherine, verlede naweek, aand die paartjie se tweede kind, het, die lewe geskenk. 1**

**4.5 Herskryf die volgende sin met die KORREKTE LEESTEKENS. 2**

**een van die reels is om seker te maak dat een van ons met george tyd deurbring**

**4.6 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies. 1**

**Vraag 4: INTERNETARTIKEL**

**TEKS E**

- **Die TAALVRAE wat volg, is op die leesstuk gebaseer.**
- **Opsetlike TAALFOUT kom voor.**

**<u>Kate en William “sal nie vir George uitsluit”</u>**

**1 Brittanje se hertog en hertogin van Cambridge beplan glo om seker te maak prins George word “nie geraak” deur die koms van die nuwe baba nie.**

**2** (4.4) (Cathrine / verlede naweek/ aan die paartjie se tweede kind / het / die lewe geskenk), ‘n dogterjie genaamd Charlotte Elizabeth Diana. Hulle het die St. Mary-hospitaal in Londen, Engeland 12 uur nadat hulle daar ingestap het met hul 4.6 (bondel) vreugde, verlaat. (4.3) Klein George het na die geboorte saamgegaan hospitaal toe.

**3** Noudat hulle terug by hulle gesinshuis Anmer Hall in Norfolk is, is Catherine en William vasbeslote om hul oudste op sy gemak te laat voel.

**4** (4.1) “ Ek was bekommerd oor al die bohaai rondom die tweede baba. Ek weet hoeveel aandag die nuwe koninklike baba in die weke na die geboorte gaan kry, en ek wil seker maak George is so onaangeraak deur alles as moontlik,” vertel Kate aan die Britse tydskrif Closer.

**5** **(**4.5) “ een van die reels is om seker te maak dat een van ons met george tyd deurbring terwyl die ander een klein Charlotte versorg, en met ‘n nuwe speelgoedtreinstel van sy pa, gaan die kleinding homself lekker kan vermaak.

**6** (4.6) Hulle het glo die raad met familie gedeel, wat William se broer, prins Harry, en Catherine se suster, Pippa Middleton, insluit.

**VRAAG 5: WOORD- EN SINSTRUKTURE**